Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NORTH WEST PROVINCIAL ASSESSMENT

## GRAAD 6

## SOSIALE WETENSKAPPE - GESKIEDENIS

## NOVEMBER 2017

**Punte: 40**
**Tydsduur: 60 minute**

**LEERDER:** ______________________________________________

**SKOOL:** ______________________________________________

**DISTRIK:** ______________________________________________

**AREA KANTOOR:** ________________________________________

| Totale punte |
| --- |
| ______ |
| 40 |

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**Instruksies aan die leerders.**

1. Lees al die instruksies sorgvuldig.

2. Beantwoord al die vrae in die spasies op die vraestel.

3. Die toets duur 1 uur.

4. Bestudeer die bronne sorgvuldig om jou te help om die vrae te beantwoord.

5. Vermy direkte afskryf van diue bron wanneer die vrae beantwoord word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: DEMOKRASIE EN BURGERSKAP

### VRAAG 1

### BRON A: NASIONALE VOLKSLIED

Lees die bron hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die nasionale volkslied is die amptelike lied van ons land, Suid Afrika se nasionale volkslied is Nkosi Sikelel' iAfrika. Ons nasionale volkslied is in vyf tale. Die eerste twee versies is deur Enoch Sontonga in 1897 geskryf. Die laaste twee versies kom van die ou nasionale volkslied, Die Stem van Suid Afrika, wat in 1918 deur C. J. Langenhoven geskryf is.

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphpndo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke , o se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika – South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,
Uit diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes ,
Waar die kranse antwoord gee.

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom
In South Africa our land.

*(*Bron geneem uit*:"Clever Social Sciences" Graad 6)*

1.1 Wie het die oorspronklike Nkosi sikelel 'iAfrika geskryf? (1)

____________________________________________

1.2 In watter jaar was die lied gekomponeer? (1)

____________________________________________

1.3 "Die stem van Suid Afrika" is geskryf in watter taal? (1)

____________________________________________

1.4 Wanneer sing ons die nasionale volkslied? Gee enige twee antwoorde.
(2 x 1) (2)

______________________________________________________

1.5 Noem enige DRIE tale waarin die nasionale volkslied gesing word. (3 x 1) (3)

1.5.1 _______________________________________________

1.5.2 _______________________________________________

1.5.3 _______________________________________________

**BRON B: Die Kinderhandves**

Lees die bron hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg..

| |
|---|
| ‘n Kind is enige person onder die ouderdom van 18. Kinders het spesiale regte in Suid-Afrika. Die kinderhandves stel dat kinders die reg het om skool toe te gaan en om te leer in ‘n veilige omgewing. |
| (Bron geneem uit*: “Solutions for Social Sciences” Graad 6)* |

1.6 Noem TWEE kinderregte waarvan jy geleer het. (2 x 2) (4)

1.6.1_______________________________________________

1.6.2_______________________________________________

**[12]**

**BRON C: LANDSWAPEN**

**Bestudeer die bron hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.**

‘n Nasionale landswapen, of staatsembleem, is die mees belangrikste simbool van die staat. Die landswapen is ook sentraal in die groot seël. ‘n Dokument met die groot seël op beteken dat die president van Suid-Afrika dit goedgekeur het.

Die landswapen kan op baie plekke gesien word. Dit word gesien op nuwe munte en baie ander amptelike dokumente soos paspoorte en geboortesertifikate. Dit word ook baie prominent uitgestal by Suid-Afrikaanse ambassades in lande regoor die wêreld.

(Bron geneem uit: *“DAY-BY-DAY Social Sciences” Graad 6)*

1.7 Noem enige TWEE dokumente waar die landswapen op gevind kan word. (2 x 1) (2)

1.7.1 ______________________________________________

1.7.2 ______________________________________________

1.8 Verduidelik wat die volgende twee simbole verteenwoordig op die landswapen.

1.8.1 Sekretaris voël (1 x 2) (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.8.2 Son (1 x 2) (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.9 In watter taal is die leuse van die landswapen geskryf? (1)

______________________________________________

1.10 Hoeveel kleure is daar op die Suid-Afrikaanse vlag? (1)

______________________________________________

**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B: MEDISYNE OOR TYD HEEN**

**VRAAG 2**

**Lees die bron hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**BRON D: Hoe mense geïdentifiseer en opgelei word as genesers.**

Tradisionele genesers word gebore met 'n gawe van genesing. Hul voorvaders roep hulle om hulle gawes van genesing te gebruik. Iemand wat 'n sekere siekte het of wat sekere soorte drome droom, sal weet dat hulle geroep word as 'n geneser.

Die geroepe persoon mag snaakse beelde sien en aan sielkundige versteurings en selfs malheid lei. Om 'n geneser te word moet die persoon eers genees word van sy "siekte". 'n Praktiserende inheemse geneser sal so 'n persoon deur 'n reeks seremonies neem. Die persoon sal ook verskeie plantmedisyne gegee word om hom of haar gesond te maak.

Die geroepe persoon word dan opgelei om 'n praktiserende inheemse geneser te wees. Die ouer geneser sal dan die nuwe geneser oplei in die tegnieke van genesing en heling en in die genesing van siektes deur die gebruik van plantmedisyne. Die opleiding kan maande neem. 'n Tradisionele geneser, die student, dra sekere klere en krale.

(Bron geneem uit: *"Oxford Successful Social Sciences" Graad 6)*

2.1 Noem TWEE maniere wat mense plantmedisyne gebruik. (2 x 1) (2)

2.1.1 ______________________________________________

2.1.2 ______________________________________________

2.2 Verduidelik die woord "voorvader". (1 x 2) (2)

______________________________________________

______________________________________________

2.3 Hoe genees inheemse genesers siek mense? (1 x 2) (2)

______________________________________________

______________________________________________

2.4 Skryf die volgende sinne sodat hulle **WAAR** is.

2.4.1 Inheemse genesers gee pasiënte pille om ‘n siekte te behandel. (1)

______________________________________________

______________________________________________

2.4.2 Die hele opleiding van ‘n sangoma word ‘n gradeplegtigheid genoem. (1)

______________________________________________

______________________________________________

2.5 Kies die korrekte woord om die sinne hieronder te voltooi.

| Westerse dokter; Pasiënt; Inyanga. |
|---|

2.5.1 ‘n Tradisionele geneser wat plante gebruik om geneesmiddels te maak is ‘n ... (1)

______________________________________________

2.5.2 ‘n Persoon wat wetenskaplike medisyne gebruik om mense te genees is ‘n ... (1)

______________________________________________

**[10]**

**VRAAG 3**

**BRON E: Die eerste antibiotika- Alexander Fleming**

Penicillin was die eerste **antibiotika**. Antibiotika is spesiale medisyne wat kieme doodmaak. Ons noem die kieme ook bakterië. Penicillin is ‘n chemise middle wat bakterië keer om te groei. Wanneer bakterië in ons liggaam komkan hulle jou siek maak. Jy kan antibiotika neem vir infeksies van die keel, longontsteking en wonde wat nie wil genees nie.

Alexander Fleming het penicillin per ongeluk ontdek. Fleming was ‘n wetenska[plike wat in ‘n laboratorium gewerk het. Een dag in 1928, terwyl hy besigwas om bakterië te bestudeer, het hy iets baie snaaks opgemerk. Hy het ‘n ou toebroodjie in sy laboratorium gehad. Daar het muf op die toebroodjie gevorm. Langs die gemufde broodjie was ‘n bakkie met bakterië in. Toe hy mooi kyk het hy waargeneem dat al die bakterië in die bakkie dood was. Hy beseg toe dat die muf ‘n chemise stof befat het wat bakterië kon doodmaak. Hy het hierdie chemise stof toe penicillin genoem.

*(*Bron geneem uit*: “Clever Social Sciences” Graad 6)*

3.1 Antibiotika word gebruik vir ____________________________ en
(2 x 1) (2)

__________________________________________________________

3.2 Wie het antibiotika ontdek? (1)

__________________________________________________________

3.3 In watter jaar was antibiotika ontdek? (1)

__________________________________________________________

**[4]**

3.4 Skryf die name van die korrekte mediese- of wetenskaplike ontdekking langs die korrekte datum.

3.4.1 Edward Jenner ontwikkel ‘n veilige inenting teen pokke – 1840

3.4.2 William Roentgen ontdek x-strale – 1967

3.4.3 Dr Chris Barnard voer die eerste hartoorplanting uit. – 1895

3.4.4 Die ondekking van morfien en stikstofoksied as narkose en verdowing – 1796

| Mediese of wetenskaplike ontdekking | Datum |
|---|---|
| 3.4.1 | |
| 3.4.2 | |
| 3.4.3 | |
| 3.4.4 | |

(4 x 1) (4)

3.5 Gee EEN woord vir elk van die volgende stellings.

3.5.1 Die tekens van ‘n siekte. (1)

______________________________________

3.5.2 Uitvind van die tipe siekte wat iemand het deur hulle te ondersoek. (1)

______________________________________

**[6]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**GROOTTOTAAL: [40]**